

HOOFSTUK 2

DIE ROL VAN DIE VADER IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE SEUN - HISTORIES EN KULTUREEL GESIEN

2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie is onder andere om die invloed wat die vader op die ontwikkeling van die seun het, vas te stel (vgl. par. 1.1.2). Daarom is dit ook wenslik om die vader se rol in die ontwikkeling van die seun, soos dit in die loop van die geskiedenis in verskillende kulture na vore gekom het, te bestudeer.

In hierdie hoofstuk sal besin word oor die plek wat die vader in die gesin ingeneem het, soos dit deur die eeue heen in verskillende kulture na vore gekom het. Dit is dus 'n kultuur-historiese oorsig. In die besonder sal gelet word op die rol van die vader in die seun se opvoeding. Die mate waartoe daar sprake kan wees van beïnvloeding en of hulpverlening aan die seun op skoolastiese gebied, sal ook aandag geniet.

Die doel van hierdie hoofstuk is nie om 'n intensiewe antropologiese studie van die rol van die vader in die opvoeding van die kind in verskillende kulture te maak nie, maar slegs om aan te dui hoe hy in verskillende kulture verskillende rolle vervul het.

Die plek van die vader in die gesin kan eers duidelik in perspektief gesien word, indien die plek wat die moeder inneem ook in ag geneem word. Waar dit ter sake is, sal die rol van die moeder dus ook uitgelig word. Dit sal ook die geleentheid bied om aan te toon hoe die vader se invloed op die seun geleidelik afgeneem het en die moeder se posisie in die gesin gaandeweg verander en verstewig het.

Die keuse van die verskillende kulture is bepaal en beïnvloed deur:

- * literatuur wat beskikbaar is;
- * besoek deur die skrywer aan 'n aantal Europese lande waar navorsing gedoen is (vgl. par. 1.2.1.1);
- * die Suid-Afrikaanse Afrikaanssprekende blanke kind wat as proefpersoon gebruik is.

Die feit dat die Suid-Afrikaanse blanke 'n direkte afstammeling van 'n hele aantal Europese volke is, het uiteraard daartoe aanleiding gegee dat stamlande van die blanke Suid-Afrikaner ook ingesluit is. Alhoewel Engeland en Nederland stamlande is, word hulle egter nie afsonderlik behandel nie, maar ingesluit onder die Anglo-Saksiese en Germaanse stamme. Die vader speel ook in die ontwikkelende swart kulture 'n besonder belangrike rol, maar aangesien Suid-Afrikaanse blanke kinders as proefpersone gebruik is, is hierdie kulture weggelaat.

2.2 DIE VADER-BEGRIIP VANAF DIE VROEGSTE EEUE

Reeds vanaf die vroegste tye het die begrip *vader* 'n prominente plek by verskillende volke en kulture ingeneem. Ons tref dit reeds baie vroeg aan in die Indo-Europese wêreld en die Grieks-Romeinse antieke tydperk. Die Griekse woord vir vader is $\pi\alpha\tau\acute{\eta\rho}$ (Friedrich, 1967, p. 948) en word *pater* uitgespreek (Souter, 1935, p. 195). In Sanskrit is dit *pitar*, in Latyn *pater*, in Avestan *pitar* en in Ou Persies *pitar*.

Die Griekse woord vir vader bevat saam met die lettergreep - $\tau\acute{\eta\rho}$ die natuurlike, stamelende kinderwoordjie wat aanvanklik klink soos *pa* of *ma*, en deur die ouers as sulks geïnterpreteer word. Nog 'n soortgelyke woord vir vader in Grieks is $\pi\alpha\pi\pi\alpha$ (pappa). Ook hier is groot ooreenkomste by die Indo-Europese gesin. Alhoewel $\pi\alpha\tau\acute{\eta\rho}$ (*pater*) in Grieks in die eerste instansie die vader van die gesin beteken, kan dit ook af en toe na die grootvader verwys en soms ook na die groot-grootvader (Friedrich, 1967, p. 948).

Die woord vader het op die Griekse, Hebreeuse en Romeinse tong 'n heeltemal ander konnotasie gehad as wat dit vandag het. Basies het dit nie ouerverwantskap geïmpliseer nie, maar waardigheid, outoriteit, gesag en mag (Lynn, 1974, p. 63).

Die Hebreeuse woord vir vader is $\bar{a}b$. Sommige meen

dat dit aan die gestamel van die klein kind ontleen is. In die Ou Testament word *āb* gebruik vir *vader*, maar ook vir *voorvader*, *stamvader* of *versorger*. Die leerlinge het dit soms as eretitel vir die *Meester* gebruik (Grosheide, 1958, p. 491; Friedrich, 1967, p. 975, 977).

Gedurende die tweede of derde millennium voor die Christelike era het die Indo-Germaanse rasse Indië vanaf die noordweste binnegedring en ook hier kom die vader-begrip sterk na vore. Die vroegste kennis van hierdie rasse, onder andere hulle beskawing en godsdiens, word afgelei van die "Rig-Veda", 'n versameling verse in tien boeke wat meer as 1 000 verse bevat (Moore, 1931, p. 243-245). Friedrich (1967, p. 948) verwys na Delbruck wat aanhaal uit Rig-Veda (I, 31,10) en soos volg na die vader verwys: Hy is die hoof van die huis en ook die eggenoot. As hoof van die huis het hy onbeperkte magte en besit ook die hoogste gesag. Sy vorstelike reëls sluit die reg van juridiese bestraffing in. Hy regeer dus met vorstelike mag oor slaaf en vryman, almal wat aan sy huis behoort. Hy besit egter nie alleen die regte van bevel nie, maar moet ook lewensmiddele voorsien en liefderyk versorg. Hy is "... provider as well as father, protector. He is kind, a friend, carries on the arm, holds to the breast. Cry is made to him in distress". Hier word die rol van die vader reeds duidelik uitgespel: Hy moet voorsien in die daaglikse, sy gesin beskerm, maar ook die vertrooster, die toegeneë vriend wees. Dit impliseer dat hy ook die toegeneë vriend van sy seun moet wees.

2.3 GRIEKSE VADER

Die Griekse vader was van die magtigste patriarge aan die mens bekend. Ons vind hier 'n baie duidelike patriargale vorm (Lynn, 1974, p. 63; Friedrich, 1967, p. 949; Kirkpatrick, 1963, p. 102; Goodsell, 1928, p. 26; 1923, p. 78).

Vir die Grieke het die mag by die familie berus. Die vader beklee die outoriteit en wel as trustee van die familie. Die familie en nie die patriarg nie, was dus die basiese bron van mag in Griekeland. Die vader se outoriteit is dus verkry en nie ingebore nie. Elke familie was 'n hegte religieuse organisasie wat saamgebind was in hulle verering en aanbidding van die gode (Goodsell, 1923, p. 79; Lynn, 1974, p. 63-64).

By die Grieke word 'n opvallende piëteit vir en verering van die vader gevind. Daar bestaan egter 'n duidelike rangorde, naamlik eers die gode en dan die ouers (Friedrich, 1967, p. 950). Die vader tree ook op as priester van die huishouding en offer aan die gode namens die familie (Lynn, 1974, p. 63).

Alhoewel die patriarg se magte van die familie verkry is, kon dit soms despotiese omvang aanneem (Friedrich, 1967, p. 949; Goodsell, 1928, p. 27; Lynn, 1974, p. 63). Friedrich (1967, p. 949) wys daarop dat dieselfde begrip van outoriteit in die huishouding ook gevind is by Heracles, Plato en Aristoteles. Seuns en dogters moes die vader sonder teenspraak

respekteer. Die vader het die reg gehad om 'n kind by geboorte tot die dood te veroordeel deur hom van blootstelling te laat omkom (Lynn, 1974, p. 63). Die "amphidrama"-seremonie is gewoonlik op die vyfde lewensdag gehou. Die nuwe baba is deur die oppasser na die voorvaderlike vuurherd geneem om die insesëning en naamgewing te ontvang. Indien die vader die kind nie wou hê nie, moes hy hom uitwerp voor die "amphidrama" (Helfer en Kempe, 1968, p. 6). Die vader het die reg gehad om sy seun of dogter te verkoop. Sommige skrywers meen dat dit moontlik net die kind se arbeid was wat die vader kon verkoop (Lynn, 1974, p. 63). Om seun te wees, het beteken om te aanvaar dat al jou besittings die vader se eien- dom is, om hom in alles gehoorsaam te wees, om hom nooit voor ander te blameer nie en om hom sonder voor- behoud te ondersteun. Die Griekse patriarg het ge- sag oor die seun uitgeoefen solank as wat hy geleef het. Die enigste manier om die seun van die ouer- like gesag los te maak was om hom uit die familie uit te sluit en te ontvoog (Friedrich, 1967, p. 949; Lynn, 1974, p. 63).

Die ouers se mag van oorheersing en outoriteit word verder onderstreep deur die sogenaamde *imperium durum*² van die ouers. Dit verwys na die reg van

² *imperium* - "an order, command, the right or power of commanding, power, mastery".

durum - "hard to the touch, harsh to the taste, feelingless, stern, severe" (Marchant en Charles, 1935, p. 264, 184).

die ouers om met streng onbuigsame gesag en mag teenoor hulle kinders op te tree. Ten spyte van die gehardheid van die patriarg word vaderliefde tóg by die Grieke gevind (Friedrich, 1967, p. 949).

Die aspek van vaderlike instruksie en onderrig kom sterk na vore in die basiese onderwysbeginsels van Plato. Volgens Plato is onderwys die sigbare, praktiese voorbeeld. "Sons must be able to see the walk of their fathers as in a mirror" (Friedrich, 1967, p. 949).

Die posisie van die Griekse vrou in die gesin was weinig beter as die van haar kinders. Vrouens is beskou "... as a distinctly inferior order of beings to men" en is in die huis streng opgepas (Goodsell, 1923, p. 83; Kenkel, 1960, p. 133).

Alhoewel die Griekse vader sy magte van die familie verkry het neem hy tog 'n besliste posisie in ten opsigte van veral die seun. Hy oefen 'n amper despotiese mag oor sy seuns uit en tog word die vader deur sy seuns vereer. Die voorbeeld van die vader was vir die seun onontbeerlik, ook wat instruksie en onderrig betref. Indien vergelyk met dié van die moeder, was die vader se invloed ook die sterkste. Dit kan dus aanvaar word dat die Griekse vader wat die algemene en selfs die *skolastiese* vorming betref, sy seun wel beïnvloed het.

Die Romeinse familie van die vroegste tye was die uiterste voorbeeld van die patriargale familie wat die wêreld ooit geken het. Die Romeinse familie kan geklassifiseer word as die verlengde patriargale tipe. *Patriargale* verwys na die mag wat gesetel het in die man as hoof van die familie. *Verlengde* dui daarop dat die familie nie slegs die ouerpaar en hulle kinders ingesluit het nie, maar ook die aange-troudes, slawe ensovoorts. Die gewone Romeinse huishouding met die man as hoof, is genoem *familia*. Die *pater familias*, het die vrou, ongetroude kinders en die getroude seuns en hulle kinders ingesluit (Lynn, 1974, p. 64; Kenkel, 1960, p. 64-67). Die rol van die vader as hoëpriester van die huis in die familiegodsdiens, is verder in die Romeinse wette ingedra met die gevolg dat die vader toe bykans onbeperkte mag besit het (Lynn, 1974, p. 64; Kenkel, 1960, p. 67; Friedrich, 1967, p. 950).

In die Latyns-Romeinse wette vind ons die *pater familias* en die *patria potestas*. Laasgenoemde is die onbeperkte mag van die vader. Hierdie begrippe is gekoppel aan die *dominium in domo* wat verwys na die hoof van die huis se outoriteit en mag wat hand aan hand gaan met die maritale mag. Die basis hiervan is hulle heilige wette wat die vrou onder streng onderwerping plaas (Friedrich, 1967, p. 950; Kenkel, 1960, p. 67-68; Goodsell, 1928, p. 29). Die vrou was vir haar misdade verantwoording verskuldig aan haar vader of haar man. *Cato the Censor* beskryf die

juridiese mag van die man oor die vrou soos volg:
Die man is die regter oor die vrou. Indien sy n
fout gemaak het, straf hy haar; indien sy wyn ge-
drink het, veroordeel hy haar; indien sy skuldig is
aan ontug, maak hy haar dood (Kenkel, 1960, p. 68;
Goodsell, 1928, p. 29).

Die hoof van die huis is priester van die huis en
hierdie *dominica potestas* sluit nie slegs die kin-
ders van alle ouderdomme in nie, maar ook aangenome
kinders, aangetroude seuns en slawe. Hierdie mag van
die vader geld tot sy dood. Dit sluit ook in die
jus vitae necisque of die reg oor lewe en dood en die
reg van liggaamlike straf. Die vader besit dus dis-
siplinêre en wetlike magte (Kenkel, 1960, p. 67;
Friedrich, 1967, p. 950; Helfer en Kempe, 1968, p. 6;
Goodsell, 1928, p. 29).

Die vader kon dus met sy kinders maak wat hy wou.
By die geboorte van die kind was die vader alleen-reg-
ter oor sy egtheid of wettigheid. Hy kon die suige-
ling verwerp en hy kon ook n groot kind tot die dood
veroordeel. Die vader moes sy besluit wel voorlê
aan 'n raad van familieleden, maar dit was slegs vir
advisering. Sy woord was wet. So kon Brutus vol-
gens Shakespeare, "the noblest of them all", sy seuns
ter dood veroordeel, nie omdat hy n Romeinse konsul
was nie, maar slegs omdat hy n vader was (Green, 1976,
p. 37; Friedrich, 1967, p. 950; Lynn, 1974, p. 65;
Kenkel, 1960, p. 67). Die vader kon verder sy kin-
ders verkoop of aan n ander familie oordra vir aan-
name. Hy kon ook seuns aanneem sonder toestemming van

sy vrou. Hy mag sy kinders trou en skei met of sonder hulle toestemming. Nadat die Romeinse seun sy vroeë onderrig aan moedersknie ontvang het, word hy die helper en permanente metgesel van sy vader in die daaglikse roetine in die veld of in die forum. Die seun verdien nooit vir homself nie, maar net vir sy vader (Friedrich, 1967, p. 950; Lynn, 1974, p. 65; Kenkel, 1960, p. 67). Ten spyte van die streng wetlike magte van die vader, word baie voorbeelde van die liefdevolle optrede van die vader in die Romeinse tyd gevind.

Die invloed van die Romeinse wette het deurgewerk na die Griekse wette. Die *patria potestas* het selfs sy weg gevind na Joodse families via die Jode wat Romeinse burgers was (Friedrich, 1967, p. 950).

As gevolg van dertig of meer jaar se werklike oorlogvoering deur die Romeine, het daar gaandeweg 'n verandering ingetree in die status van die vrou. 'n Groot aantal Romeinse mans was vir jare weg van die huis as gevolg van oorloë elders en om die besette gebiede te administreer. Die gevolg was dat die vrouens tuis moes omsien na die mans se belange, nie alleen in die huis nie, maar ook op die landgoed. Dit het meegebring dat die vrouens noodgedwonge hulself moes ontwikkel om selfonderhoudend te wees en verantwoordelike posisies te vul.

Die volgende sake het die status van die vrou radikaal verander:

- * As gevolg van die oorlog het die getalle van die mans radikaal verminder en die outoriteit van die afwesige man het al hoe meer oorgegaan na die vrou. Die bejaarde Cato (147 v.C.) sê: "... all men rule over women, we Romans rule over all men, and our wives rule over us" (Plutarch's Lives - soos aangehaal deur Goodsell, 1923, p. 131).
- * Die invloed van Griekse leerlinge en onderwysers in Rome.
- * Die Romeinse vrou streef doelbewus daarna om geleerdheid te verwerf en haarself te bekwaam. Die gevolg was 'n afname in die patriargale mag van die man oor die vrou, en die verswakking van die *patria potestas* (Goodsell, 1923, p. 131-135). Die afname in die *patria potestas* is verder aangehelp deur die uitbreiding van die Christendom. Die Christelike keisers het die man en vrou wetlik gelykgestel. Die vrou is selfs bevoordeel bo die man. Tydens die tyd van Justinianus is die *patria potestas* so gestroop van sy oorspronklike vorm dat dit skaars meer as 'n naam was (Goodsell, 1923, p. 177).

Die Renaissance het nog verder daartoe bygedra dat die posisie en status van die vrou verhoog is, alhoewel sy nog nie bevry is van die finansiële en wetlike agterstand van die middel-eeue nie (Goodsell, 1923, p. 243).

Die drie Puniese oorloë tussen die Romeine en die Carthagers - 264 en 146 v.C. (Little, et al., 1956, p. 1620), het die status van die seun verbeter en ook tot verswakking van die *patria potestas* gelei. Die vader kon nog die kind laat omkom weens blootstelling indien iemand anders die kind nie voor die tyd kry nie, maar hy was nie toegelaat om die kind doelbewus om die lewe te bring nie. Die vader is nou ook toegelaat om slegs 'n baie jong kind te verkoop en dan ook slegs indien hy nie vir hom kon sorg nie. Alhoewel daar nog groot ooreenkoms met die *patria potestas* was, was die uiterste magte van die vader ten minste beperk (Kenkel, 1960, p. 74-75).

Dit is heeltemal duidelik dat, ten spyte van die *patria potestas*, daar later by die Romeine nie veel sprake kon wees daarvan dat die vader sy seun kon beïnvloed nie. Die afleiding kan selfs gemaak word dat die moeder 'n groter bydrae as die vader gelewer het in die *skolastiese* onderrig van die seun. Die volgende kan as redes aangevoer word:

- * die man was baie van sy huis af weg, met die gevolg dat die vrou dikwels verantwoordelikheid tuis moes aanvaar;
- * die vrou het daarna gestreef om geleerdheid te verwerf en haarself te bekwaam;
- * Griekse onderwysers is ingevoer om die onderrig te hanteer;

- * die status van die vrou het geleidelik verhoog totdat die man en vrou uiteindelik gelykgestel is;
- * die verswakking van die *patria potestas*.

Die liefdevolle optrede van die Romeinse vader kon wel verseker dat hy, as vader, skakeling met sy seun behou en dat hy as identifikasiemodel vir sy seun kon dien.

2.5 HEBREEUSE VADER

Anders as die Griekse patriarg, wat sy mag as hoof van die familie verkry het, was die Hebreeuse vader 'n mag in eie reg, 'n afbeelding van die almagtige Jehowa (Lynn, 1974, p. 64). Soos die vroeë Romeine was die Hebreeuse familie vanaf die vroegste tye, ook gekenmerk as 'n verlengde patriargale familie. Die familie is deur die oudste manlike hoof van die familie regeer. Sy wil en woord was wet (Kenkel, 1960, p. 64-65, 41; Kirkpatrick, 1963, p. 101; Goodsell, 1923, p. 48, 26-27). Die patriargale karakter van die Hebreeuse families word uitgebeeld in die Ou Testament, in die Pentateug, in Rut asook in die Talmud, 'n antieke werk wat geskrifte van die Israelse Rabbi's oor die Mosaïese wette bevat. Abraham, Isak en Jakob is voorbeelde van die eerste in 'n lang ry van patriarge (Goodsell, 1923, p. 48; Kirkpatrick, 1963, p. 101; Friedrich, 1967, p. 976).

Die mag van die patriarg, wat selfs sy kinders kon

offer, spreek uit die geval van Abraham wat Isak moes offer. Die offer van kinders is later deur die Mosaïese wette verbied. Die vader kon nie van sy dogter 'n prostituut maak, of haar aan 'n vreemdeling verkoop nie. Hy kon egter sy kinders in die eg verbind soos hy goed dink, en hulle selfs as slawe aan sy mede-Israeliete verkoop. Die Hebreëuse vader se mag oor sy kinders het voortgeduur nadat hulle getroud is (Lynn, 1974, p. 64; Kenkel, 1960, p. 41).

Van die kind is verwag dat hy sy ouers onvoorwaardelik sou gehoorsaam en respekteer, indien nie, was dit strafbaar met die dood. Onder die wette van Moses kon 'n koppige, hardnekkige of vraatsugtige seun tot die dood veroordeel word, nadat sy ouers voor die oudstes teen hom getuig het. Daarna is hy deur die Israeliete gestenig. Die vader het nie self die straf uitgevoer nie (Lynn, 1974, p. 64).

Die vrou het onder direkte beheer van die man gestaan. Eva is meegedeel dat haar man oor haar sal heers (Genesis 3:16). Die verklaring by vers sestien lees, "hy oorheers haar", as deel van haar straf na die sondeval (Die Bybel met verklarende aantekeninge - Genesis 3:16). Die man of vader kon selfs 'n gelofte, wat deur sy vrou of ongetroude dogter aan God gemaak is, tot niet maak (Numeri 30:2-16). So kon die man die voorhuwelikse geloftes van sy vrou ongeldig maak. Dit wys duidelik op die beperkte selfstandigheid van optrede wat aan die vrou toegeken is. Die weduwee in Israel het onder die seggenskap van haar oudste meerjarige seun of van haar familie gestaan. 'n Vrou

wat verstoot is, het onder haar eie familie gestaan (Die Bybel met verklarende aantekeninge, 1958, p. 346). Die verpligting van die man blyk verder daaruit dat hy die gelofte slegs tot niet kon maak as hy dit die eerste dag nadag hy daarvan gehoor het, doen. Indien hy dit later doen, dra hy die skuld van verbreking van die gelofte en moet hy 'n sondoffer bring (Leviticus 5:4,1; Die Bybel met verklarende aantekeninge, 1958, p. 347; Goodsell, 1923, p. 56; Kenkel, 1960, p. 41).

Anders as in die patriargale families van die Grieke en die Romeine, was die huwelik van een man met verskillende vroue redelik algemeen onder die patriarge en konings van Israel. Hierdie poligamie het meegebring dat die man se privaat besit vermeerder het en hy groter mag in die familie verkry het (Burgess en Locke, 1953, p. 8; Kirkpatrick, 1963, p. 102; Goodsell, 1923, p. 56; Friedrich, 1967, p. 961).

Die Hebreuse patriarg was verantwoordelik vir die opvoeding van sy kinders. Hy moes die kinders onderrig in die vrese van Jehowa en in die kennis van die Hebreuse wette. Die vader moes die seun 'n sekere ambag leer. Nadat die moeder die seun tot op vyfjarige ouderdom onderrig het, was die vader verantwoordelik vir sy onderrig in die Torah en dele van die Talmud. Die seun moes die nodige eerbied aan die vader betoon, hy mag nie staan of sit in sy vader se plek in die vergadering nie. Dit was sy taak om die vader in en uit te lei. By enige geskilpunt mag

hy nie teenoor sy vader standpunt inneem of hom veroordeel nie. Die seun moes eerbied aan sy vader betoon deur aan hom drank, voedsel, klere en beskerming te verleen. Die geskiedenis van Isak, Esau en Jakob is 'n mooi voorbeeld van die seun wat vir sy vader voedsel voorberei en die vader wat sy eersgeborene wil seën, die patriargale mag aan hom wil oordra voordat hy sterf, "... wees 'n heerser oor jou broers en die seuns van jou moeder moet hulle voor jou neerbuig" (Genesis 27:1-13).

Alhoewel hy die strenge patriarg was, was die Hebreeuse vader tot 'n groot mate wel vir sy seun 'n identifikasiefiguur. Daar was 'n noue kontak tussen vader en seun, veral die oudste maar soms ook die jongste. Daar bestaan talle voorbeelde van die liefdevolle verhouding tussen vader en seun. Die seun, veral die oudste, was die belangrikste in die gesin en moes deur die vader voorberei word om die familieverband voort te sit. Die seun moes op sy beurt die vader versorg en hom help.

Omdat die vader die seun vanaf vyfjarige ouderdom moes onderrig, ook in die Torah en die Talmud, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die Hebreeuse vader 'n belangrike bydrae gelewer het in die *skolastiese* ontwikkeling en die vorming van die seun. Die moeder het waarskynlik 'n minder belangrike rol in die lewe van die seun vervul. Sy het 'n ondergeskikte plek in die gesin ingeneem. Die seun was ook slegs tot op vyfjarige ouderdom aan sy moeder se sorg toevertrou.

2.6 ANGLO-SAKSIESE EN GERMAANSE VADER

Die Anglo-Saksers en die Germaanse stamme was minder patriargaal as die Grieke, Romeine en Hebreërs. Die vader het egter baie mag besit in verhouding tot vandag se standarde. Die familie van die vader en die moeder is betrek in die huisgesin wat gevorm is deur hulle huwelik. Die familie aan vaderskant het egter meer voorregte en verpligtinge gehad (Lynn, 1974, p. 65; Kirkpatrick, 1963, p. 106).

Die mag van die vader was duidelik afgebaken. Die vader het mag oor die lewe en dood van sy kind gehad, maar slegs totdat die kind voedsel ingeneem het. Sodra die kind melk of heuning oor sy lippe gehad het, moes die vader hom tot die families van sowel vader as moeder toelaat. Die familie kon nou die regte van die kind beskerm (Lynn, 1974, p. 65). Tot 1886 het die Engelse wette die vader erken as die kind se enigste voog. Die vader alleen kon 'n voog, wat na sy dood kon oorneem, oor sy kinders aanwys (Goodsell, 1928, p. 89).

Nadat die kind sewejarige ouderdom bereik het, kon die vader hom ook nie meer as slaaf verkoop nie. 'n Jonger kind kon slegs verkoop word in geval van uiterste hongersnood. Die vader kon die kinders tugtig en straf. Die eintlike beheer oor die kind het op sewejarige ouderdom oorgegaan na die moeder.

Die vader se magte is met die mondigwording van die seun baie ingekort. Die vader kon die seun dan nie

meer tug nie en ook nie sy huwelik verhoed nie. Die ouderdom van mondigwording het gewissel van plek tot plek. Gewoonlik was dit tussen die ouderdomme tien en vyftien jaar. Die seun het oor die algemeen vroeg getrou en deel van die familiebesittings ontvang om hom in staat te stel om 'n huishouding te begin. Na die huwelik het die beheer van die vader heeltemal verval (Lynn, 1974, p. 66).

Hoogs waarskynlik het baie van die Anglo-Saksiese en Germaanse vaders min bygedra tot die seun se vorming op kognitiewe gebied en wel om die volgende redes:

- * die moeder het reeds verantwoordelikheid vir die seun aanvaar vandat hy sewe jaar oud is;
- * die vader se beheer oor die seun het geleidelik verminder;
- * die vroeë mondigwording van die seun, waarna die vader se magte ingekort is;
- * die seuns het oor die algemeen vroeg getrou, waarna die vader se beheer heeltemal verval het.

Die afstand tussen vader en seun sou waarskynlik ook daartoe bygedra het dat die seun min met die vader identifiseer.

Dit word aanvaar dat 'n matriargale, matrilineêre familiestruktuur in die vroegste tyd algemeen in Rusland voorgekom het, veral onder die Slawiese groepe. Namate die Russe, veral die Slawiese groepe meer landbouers geword het, het die verlengde patriargale familie stadigaan ontwikkel.

Die invoering van die Christendom na Rusland, het die onderwerping van die Russiese vrou tot gevolg gehad. Die priesters van die Grieks-Ortodokse Kerk het die superioriteit van die man verkondig. Die vrou was volgens hulle moreel swak en ondergeskik soos wat Eva van die begin af was. Volgens hulle het die duiwel reeds van die begin af ook 'n besondere affiniteit vir die vrou gehad. Alhoewel hierdie begrippe nuut was in Rusland, is hulle gaandeweg aanvaar. Die invalle van die Mongole vanaf die Asiatiese lande, waar die patriargale familiestruktuur voorgekom het, het verder daartoe bygedra om die patriargale familie in Rusland te verstewig. Die Russiese kerk het ook bygedra tot die proses waar die vader se rol vergelyk word met dié van die Almagtige. Die vader was regverdig en vergewensgesind, maar die magtigste enkele outoriteit wat strenge gehoorsaamheid afdwing (Kenkel, 1960, p. 132-134; Burgess en Locke, 1953, p. 153).

Die burgeroorloë en die hongersnood van 1921 en 1922 het jeugmisdaad bevorder, maar dit is in 1929 onder beheer gekry net om weer tussen 1930 en 1935 amper te verdubbel en so 'n verdere hoogtepunt te bereik. Na

ondersoek is vasgestel dat die hoofoorsaak ouerverwaarloosing en ongewenste huislike lewe was.

Na die Revolusie van 1917 het sake vir die vrou vinnig verander. In 1936 word die emansipasie van die vrou op die voorgrond gestel en die Kommuniste se houding in verband met die regte van die vrou per konstitusie vasgelê. Die vrou verkry gelyke regte met die man op alle gebiede. Om te verseker dat die vrou hierdie regte kan beoefen, mag sy saam met die man dieselfde werk verrig, dieselfde salaris ontvang, dieselfde voorregte van rus, ontspanning, assuransië en onderwys geniet. Die staat ondersteun die moeders met groot gesinne en die ongetroude moeder. Sy kry kraamverlof met volle salaris. Verder word voorsiening gemaak vir 'n netwerk van kraaminrigtings, bewaarskole en kleuterskole (Burgess en Locke, 1953, p. 153-169).

Gedurende die jare 1936 en 1944 is spesiale aandag gegee aan die ouerverantwoordelikheid en die reorganisasie van die onderwys. Die belangrikheid van die gesin en wel die rol van vader en moeder word benadruk. Die volgende aanhalings dui op die nuwe houding teenoor die gesin:

- * Die Sowjet-kind het die reg om sy eie vader as leermeester en vriend op te eis - Pravda (Williams, 1937, p. 296, soos aangehaal deur Burgess en Locke, 1953, p. 170).
- * Om 'n goeie gesinsman te wees, is 'n kwessie van plig. 'n Slegte gesinsman kan nie 'n goeie burger

van Sowjet-Rusland of 'n sosiaal-denkende persoon wees nie - Pravda, Junie 26, 1935 (Berman, 1937, p. 691, soos aangehaal deur Burgess en Locke, 1953, p. 171).

- * In die menslike spreektaal is daar niks wat meer suiwer en verhewe, teerder en meer heilig is as die woord "Moeder" nie - Izvestia, Julie 9, 1944 (Hindus, 1944, p. 1,4, soos aangehaal deur Burgess en Locke, 1953, p. 171). Die Sowjet-familie het dus heeltemal wegbeweeg van die patriargale stelsel (Burgess en Locke, 1953, p. 175).

Alhoewel die man in Rusland, in vergelyking met die vrou, as die superieure beskou is, het daar van die bydrae van die vader ten opsigte van die seun se opvoeding nie veel gekom nie. Die hoë jeugmisdaad-syfer en die ouerverwaarloosing is bewys van laasgenoemde aanname. Die pogings om die ouers verantwoordelik te maak vir die onderrig van die kind was, ten spyte van wat Pravda en Izvestia berig het, nie geslaag nie. Die gelykstelling van die vrou met die man het die moeder mettertyd na die arbeidsmark getrek. 'n Netwerk van bewaar- en kleuterskole moes daarom ingestel word om die kinders te versorg. Daar kan derhalwe aanvaar word dat die kinders, wat hulle kognitiewe vorming betref, baie min hulp van of die vader of die moeder gekry het.

Met die vader nog meer by die arbeidsmag betrek as die moeder, kan aanvaar word dat daar ook van identifikasie tussen vader en seun nie veel sprake was nie, ten spyte van die reg wat aan die seun toegesê is om

die vader as leermeester en vriend op te eis.

2.8 CHINESE VADER

In vroeër tye was die verlengde patriargale familie die mees algemene vorm wat in China, Indië en Japan voorgekom het (Burgess en Locke, 1953, p. 15).

Die patriarg of hoof van die familie het by die Chinese ook die hoogste statusposisie beklee. Die naam "old man", wat dui op verering en respek, is aan hom toegeken. Sy primêre rol was die van algemene bestuurder van die familiebelange veral die buitens-huise belange. As hoof van die familie was sy gesag finaal. Sy gesag kon oorgedra word na 'n ander manlike lid van die familie, gewoonlik die oudste seun. Die oordrag het plaasgevind wanneer die patriarg nie meer fisies in staat was om sake te behartig nie, maar ook byvoorbeeld indien die seun besondere eenskappe getoon het (Burgess en Locke, 1953, p. 37; Lynn, 1974, p. 33; Goodsell, 1928, p. 26-27).

Die belangrikste verwantskap by die Chinese het bestaan tussen die vader en die seun. Vir die seun was die vader sy skakel met die voorouers en vir die vader was die seun sy skakel met voorspoed. Die vader kon nie sy seuns onterf nie, maar moes sy besittings gelykop tussen hulle verdeel. Vanaf vierjarige ouderdom het die seun in die vader se deel van die huis ingewoon. Die vader het dan die persoonlike toesig oor die seun oorgeneem. Alhoewel die seun na

die moeder kon gaan vir beskerming teen die vader, het sy geen werklike mag gehad nie. Die vader het duidelik sy aangetrokkenheid getoon terwyl die seun klein was, maar was meer gereserveerd nadat hy toesig oor die seun oorgeneem het. Die vader moes 'n behoorlike morele voorbeeld vir die seun daarstel, materiële versorging verskaf, 'n huwelik reël en sorg vir 'n nalatenskap - alles om 'n voortsetting van die familie te verseker. Die respek wat die seun aan die vader betoon het, het verseker dat 'n vader-seunverhouding op hoë vlak gehandhaaf is. Nogtans was die vader vry om die seun te straf, soos die familie en gemeenskap van hom verwag het. Dit was nie die moeder se plig om die seun te straf nie. Gevalle waar die vader 'n seun baie swaar straf, het algemeen voorgekom.

Alhoewel daar spanninge tussen die vader en die seun was, was dit nie so erg soos miskien verwag sou word nie. Die verhouding was een van vermyding, respek en vrees, en nie een van liefde en intimiteit nie. Die Chinese seun het, in die oë van sy vader, prestige verwerf wanneer hy self vader geword het, veral as die kleinkind 'n seun was. Alhoewel die vader nog outoriteit besit het, selfs oor sy kleinkinders, het die verhouding tussen vader en seun hiervandaan meer ontspanne geword. Die seun was vir die vader 'n versekering van versorging op sy oudag, en word deur die volgende Chinese spreuk getipeer: *Graan word opgeberg vir tye van hongersnood; seuns word grootgemaak vir die oudag* (Lynn, 1974, p. 34-35).

Die tradisionele Chinese familiestelsel is in die meer moderne China besig om heeltemal te verval:

- * Die Peking-regime predik 'n vrye huwelik en ondersteun die emansipasie van die vrou.
- * Die verantwoordelikheid van die opvoeding van die kind berus by die skool, met die gevolg dat die vader nie meer die streng invloed oor die opvoeding van die kind het nie.
- * Industrialisasie bring mee dat baie vaders weg van die huis af in fabriek werk, gevolglik het hulle min tyd vir onderrig en dissiplinering van die seun.
- * Die moeder aanvaar noodgedwonge groter verantwoordelikheid vir die opvoeding van die kinders.
- * Die seuns verlaat die huis om elders te gaan werk, met die gevolg dat die vaders meer toegewings maak om die seuns nie te verloor nie. 'n Direkte uitvloeisel van die aftakeling van die familie-verwantskap is dat die seun-vaderverhouding dramaties degenereer. Daar is nie meer sprake van algehele gehoorsaamheid van die seun teenoor die vader nie (Lynn, 1974, p. 36).

Dit is duidelik dat die Chinese vader wat reeds vanaf vierjarige ouderdom persoonlik toesig oor die seun oorgeneem het, 'n redelike groot bydrae kon lewer om die seun se *skolastiese* vordering te beïnvloed. Met die koms van industrialisasie en deurdat die vader baie van sy tuiste af weg is, het hierdie invloed van die vader egter verdwyn. Die moeders en die skool

het die meeste verantwoordelikheid vir die opvoeding van die kinders aanvaar.

Die volgende faktore kon daartoe bydra dat die seun hom wel met die vader sou identifiseer:

- * die aangetrokkenheid van die vader tot die klein seuntjie;
- * die hoë morele voorbeeld wat die vader vir sy seun stel;
- * die respek wat die seun aan die vader betoon;
- * die hoë vlak van die vader-seunverhouding.

Dit is egter te betwyfel of daar wel sprake van identifikasie was, juis omdat die verhouding tussen vader en seun eerder een van respek en vrees was, as van liefde en intimiteit. Dit was eers wanneer die seun self kinders gehad het, dat die verhouding tussen vader en seun meer ontspanne geword het.

2.9 IERSE VADER

Die Ierse platteland was gekenmerk deur sy hoë graad van "familism" (Burgess en Locke, 1953, p. 58). Op die platteland was die vader gewoonlik die eienaar en bestuurder van 'n plaas. Die vader verwys na sy seuns as "boys", al is hulle ook hoe oud. Die seuns werk saam en onder toesig van die vader. Belangrike beslissings word na die vader verwys. Hulle is byvoorbeeld saam by vendusies, maar dit is die vader

wat die beslissings vel. In die huis kry die vader ook voorkeurbehandeling, twee eiers in plaas van een, die laaste stopsel tabak, ensovoorts.

Die vader self besluit wie hom moet opvolg. Aangesien die vader op ongeveer sewentigjarige ouderdom aftree, kan dit gebeur dat 'n seun wat ongeveer vyf en veertig tot vyftig jaar oud is, nog steeds saam met die vader boer, nog steeds sy "boy" is en nog nie sy erfporisie in besit geneem het nie. Die seun wat die plaas erf, trou gewoonlik eers wanneer die vader aftree. Die vader soek vir sy seun 'n vrou uit. Gewoonlik moet die vader van die bruid finansiëel sterk genoeg wees om vir haar 'n bruidskat van ongeveer dieselfde waarde as die plaas van die voornemende eggenoot te gee. Hierdie bruidskat word aan die seun se vader betaal, wat dan aftree. Die seun trou en hy en sy vrou neem die bestuur van die plaas oor.

Daar kon by die Ierse vader op die platteland seker nie veel sprake daarvan wees dat hy sy seun op kognitiewe gebied kon beïnvloed nie, omdat hulle meer op boerdery aangewese was. Die moontlikheid van identifikasie tussen vader en seun was egter groot, juis omdat die seun baie lank, baie nou saam met die vader gewerk het.

2.10 DUITSE VADER

’n Sterk patriargale struktuur is tradisioneel in Duitsland. Tot direk na die Tweede Wêreldoorlog het die vader as patriarg in die gesin nog ooreengestem met die heel vroegste voorbeelde in ander Europese lande. Dit het geheel en al verskil van die posisie van die vader van die twintigste eeu in Europa.

Die familielewes het gewentel om die alvermoënde, alwetende, alomteenwoordige vader. Geen lid van die gesin deel sy status en regte nie. Die vader gee bevel wat gehoorsaam moet word. Hy beslis oor enige dispuut wat in die gesin mag ontstaan terwyl sy beslissing finaal en bindend is vir vrou en kinders (Lynn, 1974, p. 39-40; Wiczerkowski, 1973, Höhl, 1973, soos aangehaal deur Eksteen, 1978, p. 120).

Die kinders het egter geweet dat, alhoewel die gesag van die vader in die gesin onbepaald was, hy besliste perke in die outoritêre gemeenskap gehad het (Lynn, 1974, p. 39-40).

In sy gesin geniet die vader *Ehrfurcht*, letterlik vertaal, *eer-vrees* (Lynn, 1974, p. 39-40). Dit is eerbied wat feitlik aan verering grens. Wiczerkowski (1973) en Höhl (1973) soos aangehaal deur Eksteen (1978, p. 121), wys daarop dat die vader op ’n troon geplaas is, hy was meer as vader, hy was tot ’n mate tiran, diktator. Dit is algemeen aanvaar dat indien die vader nie *Ehrfurcht* vereis nie, hy ’n swak vader is en sy seuns iets baie mooi ontbeer. Die vader ver-

wag van sy oudste seun gewoonlik meer as van sy ander kinders. Hy koester die hoop dat die oudste seun na hom sal aard, sy beroep sal volg en sy idees sal voortdra in die lewe. Al die kinders moet erkentlikheid en dankbaarheid teenoor die vader betoon en hom, indien nodig, onderhou wanneer hy oud is. Die vader op sy beurt sorg vir onderdak, voedsel en kleding vir sy gesin en die onderrig van sy kinders.

Die vader moes vir sy gesin die bewonderenswaardige vaderfiguur bly, met die gevolg dat hy gedurig die selfgestelde standarde moes nastreef. Hy het die afgesonderde, trotse figuur gebly. 'n Te liefderyke verhouding sou sy outoriteit en status benadeel. Alhoewel hy heelwat tyd aan sy kinders gewy het deur hulle vir wandeling te neem, vir hulle speelgoed te maak en saam met hulle vakansie te hou, was toegeneëtheid teenoor hulle bewys, gesien as 'n swakheid en daarom onmanlik. Die vader het die kind selde omhels en vertroetel, beslis nie na hulle vyfde of sesde jaar nie. Die vader was veral bedag daarop om homself nie voor sy seun te verlaag nie. Hy het ver wag dat die seun hom in sy vertroue sal neem in verband met persoonlike aangeleenthede, maar van sy kant af het hy nie sy seun in sy vertroue geneem nie. Swakheid en ondergeskiktheid is geassosieer met vroulikheid, daarom is die seun van die moeder se invloed weggeneem en onder die outoritêre toesig van sy vader, wat sou sorg dat hy nie te sag grootgemaak word nie, geplaas. Opstand en ongehoorsaamheid teen die vader is dadelik onderdruk en bestraf, gewoonlik met liggaamstraf. Die vader kon eers saam met sy eie kinders

ontspan sodra daar kleinkinders was, want die status en posisie wat hy moes handhaaf, was dan nie meer op die spel nie. Die verantwoordelikheid van die opvoeding is dan oorgeplaas op die skouers van die nuwe vader (Lynn, 1974, p. 39-41).

Die hedendaagse Wes-Duitse vader probeer om sy kind te sien as 'n individu. Pogings word aangewend om die kinders te verstaan en rapport te verkry. Hulle meen dat hulle beter vaders is as wat hulle eie vaders was, deels omdat hulle minder streng is. Die vaders doen ook hulle uiterste bes om hulle kinders te leer om hulself sosiaal aanvaarbaar te maak. Die vader word ook nie deur sy kinders gesien as die streng patriarg van die verlede nie.

Terwyl die hedendaagse middelklas eggenoot daarna streef om sy vrou gelykwaardig te behandel, kom dit nog voor dat die boonste groep van die laer klas, se houding teenoor hulle vrouens min of meer dieselfde is as net voor die Tweede Wêreldoorlog. Volgens hulle moet die man sy vrou en kinders goed versorg en 'n vaderlike oog oor die kinders hou. Die man sal geensins uiterlik sy liefde teenoor sy vrou betoon nie. Hy het besluit wat vir haar die beste is en sy moes gehoorsaam (Lynn, 1974, p. 42-43).

Mitscherlich (1970, soos aangehaal deur Lynn, 1974, p. 43-44) noem die volgende redes waarom die outoriteit van die Duitse vader verwater het:

- * die moderne industrialisering en verstedeliking;
- * die progressiewe versplintering van arbeid;
- * die massaproduksie en gekompliseerde administrasie;
- * die verblyfplek en werkplek wat ver van mekaar is;
- * die verskuiwing van onafhanklike leweransier na betaalde werknemer en verbruiker.

Die ontnugtering van die Duitsers na die ontmaskering van Hitler as 'n verwronge figuur, word ook genoem as rede vir die vervaging van die vader as outoritêre gesagsfiguur. Daar is heeltemal wegbeweeg van die sogenaamde vaderverheerliking. Dit het die vaderbeeld laat vervaag. Die neiging was 'n teenreaksie na die ander uiterste (Wieczerkowski, 1973, Höhl, 1973, soos aangehaal deur Eksteen, 1978, p. 121-122, 145-146).

Vir die tydperk tot en met die Tweede Wêreldoorlog, was die moontlikheid vir die seun om met die vader te identifiseer, baie skraal, juis omdat daar nie sprake was van 'n liefderyke, toegeneë verhouding tussen vader en seun nie. Die vader was wel beskikbaar en verantwoordelik vir die seun, maar hy was te veel van 'n diktator en is te veel op 'n onrealistiese voetstuk geplaas. Daar kon moontlik sprake wees van identifikasie in die negatiewe sin en wel omdat die seun daarna gestrewe het om ook soos sy vader, die geharde,

onverbiddelike soldaat te wees.

Dit was eers na die ontmaskering van Hitler dat daar sprake kon wees van normale identifikasie tussen vader en seun. Die moontlikheid van identifikasie word hier egter weer benadeel omdat die jeug, as teenreaksie, heeltemal wegbeweeg het van die vader uit vrees vir die nadele van vaderverheerliking. Die geneigdheid van die Wes-Duitse jeug tot die Marxisme is ook moontlik 'n bewys en 'n simptoom van genoemde nie-vaderidentifikasie.

2.11 FRANSE VADER

Soos in die res van Europa was dit in Frankryk, gedurende die Middeleeue (+ 400 tot 1450 n.C.), die gebruik om 'n sewejarige kind in die sorg van 'n ander gesin te plaas. Af en toe is 'n ooreenkoms aangegaan dat die kind onderrig moes ontvang, maar gewoonlik moes die kind diens lewer. Hy was loseerder, dienskneg en vakleerling en moes onder andere tafel dek en voedsel bedien. Aangesien die huisheer baie van sy professionele werk tuis verrig het, het hy hierdie praktiese kennis, ondervinding en waardes aan die kind oorgedra (Lynn, 1974, p. 66; Aries, 1962, p. 365-366).

Gedurende die vyftiende eeu het skole die onderrig van die kinders begin oorneem. Die seuns veral, is na skole gestuur, maar het by persone in privaatwoning ingewoon. Die persoon by wie ingewoon is, sowel as die onderwyser het dus gedien as uitstaande modelle

(Lynn, 1974, p. 66; Aries, 1962, p. 369).

Vanaf die agtiende eeu het daar 'n belangrike verandering in die Franse gesinslewe plaasgevind. Families het hulself teruggetrek uit die publieke en sosiale lewe en meer die privaatheid van hulle tuistes opgesoek. Die rol van die kind het ook radikaal verander. Die kind het nie langer bygedra tot die welsyn van die gesin nie, maar die gesin het begin met die versorging van die kind. Die ouer het nie langer die kind liefgehad omdat hy 'n finansiële bydrae in die gesin lewer nie, maar om die kind self. Die liefde van ouer tot kind het dus 'n nuwe dimensie aangeneem. Die vader het graag betaal vir al die behoeftes van die kinders, onder andere vir hulle onderwys (Lynn, 1974, p. 66-67; Aries, 1962, p. 378, 398-403).

Vanaf 1789 het 'n tydelike algehele verandering in die gesinsituasie ingetree. Die Franse revolusionêres het die familie ook gesien as deel van die tradisionele instellings van die aristokrasie en kerk, met die gevolg dat die gesin ook afgetakel is. Wette is gepasseer wat 'n algehele verlaging van die beheer op politieke, kerklike en gewone terrein teweeggebring het. Egskeidings is feitlik netso maklik verkry as verbindings in die eg.

Die reg van vaders om kinders te dissiplineer is hulle ontnem. In sommige dele van die gemeenskap het al die vaders hulle vrouens en kinders verlaat en net verdwyn. Egskeidings, buite-egtelikheid en jeugmisdaad was aan die orde van die dag (Lynn, 1974, p. 67).

Die afwesigheid van die vader en die wegneem van sy gesag en outoriteit is geassosieer met 'n verlies aan samebinding en samehorigheid. Sommige navorsers meen dat eersgenoemde die direkte oorsaak van laasgenoemde was (Mogey, 1957, soos aangehaal deur Lynn, 1974, p. 67). Vergelyk hiermee Figs (1970, p. 172) wat sê dat as die vader oorbodig word en hom onttrek, dit 'n ineenstorting van die hele patriargale stelsel sal beteken.

Dit is duidelik dat die Franse vader van die middel-eeue nie vir sy seun 'n identifikasiefiguur was nie. Die persoon by wie die seun vir sy vakleerlingskap ingewoon het was dit wel. Die verandering in die gesinsituasie vanaf die agtiende eeu het die moontlikheid van identifikasie met die vader verbeter. Die kind was nie langer 'n bron van inkomste nie. Die vader was ook meer betrokke by die huis self en het opgeoffer ter wille van die kind.

Die vader het ook vir die kind se onderwys betaal. Hy het dus belang gestel daarin dat sy kind onderrig moes ontvang. Die moontlikheid is dus groot dat die vader ook op *skolastiese* gebied aan sy seun hulp verleen het. Vanaf 1789, toe daar 'n tydelike, algehele verandering in die gesinsituasie ingetree het, die tydperk waarin die gesin afgetakel is, kon daar egter in baie gevalle moeilik sprake wees van identifikasie van die seun met die vader, en wel om die volgende redes:

- * die vaders het in baie gevalle heeltemal van die gesin weggebreek;
- * baie vaders aanvaar nie verantwoordelikheid vir hulle gesinne nie;
- * baie kinders is buite-egtelik gebore en moes dus sonder 'n vader grootword;
- * die vaders is die reg ontnem om hulle kinders te dissiplineer en dit lei tot jeugmisdaad. Dit volg dan ook dat die seun, op *skolastiese* gebied, geen hulp van die vader sou kry nie.

2.12 AMERIKAANSE VADER

Aangesien vier-vyftes van die Amerikaanse bevolking in 1790 van Britse oorsprong was, het hulle 'n sterk invloed op die regeringsvorm, die gesinslewe asook op ander gebruike uitgeoefen (Lynn, 1974, p. 68; Goodsell, 1928, p. 93).

Die invloed van die Engelse wette in die Amerikaanse skool- en gesinstelsel is duidelik waarneembaar. Selfs tot 1912 het vyftien skole in die Suide, dertien in die Noorde en vier in die Weste, die moeder se regte geïgnoreer en alle mag oor die kinders aan die vader, as die *natuurlike voog van sy kinders*, toegeken. Voogdyskap is eers na die vader se dood aan die moeder toegeken (Goodsell, 1928, p. 93).

Die vader was die hoogste gesagsdraer, sy vrou het sy wil uitgevoer en die kinders moes hom sonder teësprak gehoorzaam (Lynn, 1974, p. 68). Die Calvinis-

tiese strengheid is deur vaderlike liefde en die geduld van die moeder versag. Die vader het ook verantwoordelikheid aanvaar vir die godsdiensoonderrig en bekering van sy kinders. Die Amerikaanse gesinslewe, soos dit deur die vroegste immigrante saamgebring is, kan beskryf word as 'n kombinasie van die Hebreeuse patriargale stelsel van die Ou Testament en die streng sedeleer van Paulus in die Nuwe Testament.

Ekonomiese welvaart het verseker dat baie vaders hulle kinders vir onderrig na Engeland kon terugstuur (Lynn, 1974, p. 69; Gorer, 1964, p. 59). Die verswakking van dissipline in Engelse skole en die verbetering daarvan in Amerikaanse skole, het dié gebruik beëindig. Sommige het onderwysers gehuur om die kinders te onderrig. Dit het die dubbele voordeel gehad dat die kinders tuis kon bly, en weggehou is van verkeerde invloede, en dit het die verantwoordelikheid van dissipline van die ouers se skouers afgeneem. Die vader kon dus met sy seun ontspanne verkeer, byvoorbeeld gaan jag en visvang sonder die onderliggende spanning wat hy moontlik sou ervaar as handhawer van orde en dissipline (Lynn, 1974, p. 67-69).

Waar daar 'n hele paar seuns in die gesin was, kon almal nie in die besigheid of op die plaas opgeneem word nie, met die gevolg dat hulle vakleerlingskappe elders gevolg het. Die persoon by wie die seun ingeskryf is, moes na hom omsien asof hy sy eie kind was. Hy moes hom huisves, voed en klee en kon enige taak aan hom opdra wat hy dan moes uitvoer. Dit was ook sy taak om die seun te tug as hy ongehoorsaam was.

Die vakleerlingskap het gewoonlik van die ouderdom veertien tot een en twintig jaar geduur (Calhoun, 1960, Lee en Lee, 1968, Morgan, 1952, soos aangehaal deur Lynn, 1974, p. 69).

Vanaf die begin van die negentiende eeu is daar sterk te velde getrek teen die Calvinistiese patriargie, en die posisie het taamlik verander. Die vader het nog, gedurende die kind se eerste jare, streng gesag oor hom uitgeoefen, maar sy gesag het meer ontspanne geword namate die seun ouer geword het. Hierdie verslapping van outoriteit en gesag, is toegeskryf aan die klimaat van demokrasie in Amerika wat geleer het dat elkeen elke saak vir homself moes beoordeel. Reëls en gesag is vervang met vertroue en verdraagsaamheid. Alhoewel die seun nie bevele van sy vader ontvang het nie, het hy raad aanvaar. Die seun het dikwels die vader se raad gevra en gereeld met hom gepraat. Geen geykte, spesifieke aanspreekvorm het tussen vader en seun bestaan nie. Die aanspreekvorm het getuig van 'n ontspanne, familiêre toegeneentheid wat radikaal verskil het van die korrekte, stywe, koue vorms kenmerkend van die aristokratiese tydperke. Die meester het verdwyn maar die vader het gebly (Tocqueville, 1966, soos aangehaal deur Lynn, 1974, p. 67-70).

Die versnelling van die lewenspas het baie vroeg reeds in Amerika momentum gekry as gevolg van die eise van die onontwikkelde kontinent. Die kinders moes self baie gou aanpas by die koorsagtige werkspatroom. Hierdie versnelling het veroorsaak dat die mans geen

tyd vir hulle kinders gehad het nie. Daar was geen tyd om vader te wees nie. Die versorging van die kinders moes geheel en al aan die moeders oorgelaat word. Dit is gesê dat die vaders te besig is om hulle kinders te leer ken, wat staan nog hulle met liefde te oorlaai of om die geselskap van hulle vrouens te geniet (Lynn, 1974, p. 70).

Talle sosiale kragte het gelyktydig meegehelp om die gesag en status van die vader af te takel, naamlik demokratisering, industrialisering, immigrasie, asook die emansipasiebewegings van die vrou. Die strewe van die jonger geslag om uit te styg bokant sy eie klas, het dikwels meegebring dat vader en seun in verskillende wêrelde geleef het (Lynn, 1974, p. 70-71).

Die familie het verander van die saamgesnoerde patriargale na die redelik geïndividualiseerde gesin van die twintigste eeu, terwyl die proses van individualisering nog steeds voortduur. Goodsell (1928, p. 101) meen dat die veranderinge revolusionêr en verreikend was.

By die Amerikaanse vader het die moontlikhede dat die seun met hom sou identifiseer ook verander soos wat die omstandighede in die gesinslewe verander het.

Die vader met sy Calvinistiese strengheid, maar wat nogtans die liefdevolle vader was, het sekerlik vir die seun die moontlikheid gebied om met hom te identifiseer. Hierdie vader, wat ook die godsdiensonderlig waargeneem het, het baie waarskynlik ook bygedra

tot die seun se kognitiewe vorming.

Die ekonomiese welvaart wat verseker het dat sommige kinders, vir hulle onderrig, na Engeland gestuur kon word, het veroorsaak dat daar minder skakeling tussen daardie vaders en hulle seuns was. Die gevolg daarvan sou die moontlikheid van identifikasie met die betrokke vaders verminder en ook die kanse vir die vaders verminder om op *skolastiese* vlak hulp te verleen. Die verswakking van die dissipline in die Engelse skole het die seun weer na sy tuiste teruggebring. Die moontlikhede vir identifikasie met die vader het derhalwe weer vermeerder en wel om die volgende redes:

- * die seun was meer tuis en het meer skakeling met die vader gehad;
- * die onderwysers wat gehuur is vir die onderrig en dissiplinering van die kinders, het verseker dat die verhouding tussen vader en seun meer ontspanne was. Vir die seuns wat vakleerlingeskappe gevolg het, is die moontlikhede om met die vader te identifiseer, weer verminder en wel omdat daar baie min tyd was om met die vader te kommunikeer.

Die opkoms en groei van demokrasie het die ontspanne verhouding tussen vader en seun nog verder verhoog. Die gevolg was waarskynlik nog 'n groter moontlikheid vir identifikasie van die seun met die vader en, op *skolastiese* gebied, groter hulpverlening van die vader aan sy seun.

Die versnelling van die pas om tred te hou met die eise van die ekonomie het egter die vader verwyder van sy huis, met die gevolg dat:

- * die moeder die versorging van die kinders oorgeneem het;
- * die vader nie tyd gehad het om aan sy seun te bestee nie;
- * die seun en die vader in verskillende wêreldes geleef het.

Dit sou dus 'n logiese afleiding wees dat die seun hom minder met die vader sou identifiseer. Waarskynlik sou die vader ook, op *skolastiese* gebied, die minimum hulp aan sy seun kon verleen.

2.13 ALGEMENE BEELD VAN DIE VADERROL EN VADER-SEUNVERHOUDING IN VERSKILLENDEN KULTURE

Voortspruitend uit die voorafgaande kom ons tot die gevolgtrekking dat by die meeste volke, die patriargale gesinsvorm meer algemeen voorgekom het. Die baie sterk patriargale stelsel het voorgekom by die Griekse, Romeinse, Hebreeuse, Chinese en Duitse kulture (vgl. par. 2.3, 2.4, 2.5, 2.8 en 2.10). By die Anglo-Saksiese en Germaanse, die Ierse, Franse en Amerikaanse kulture is die patriargale gesinsvorm ook aangetref, maar dit was nie so oorheersend as by eersgenoemdes nie (vgl. par. 2.6, 2.9, 2.11 en 2.12). Slegs by die Russiese volk is oorspronklik 'n matriar-

gale gesinsvorm aangetref, maar ook dié vorm het gaandeweg verander na die patriargale (vgl. par. 2.7).

Dit is duidelik dat, as gevolg van verandering in kulture, hetsy industrieel of staatkundig, materiële welvaart en selfs oorloë, daar veranderinge in gesinsvorme plaasgevind het. Telkens het hierdie veranderinge die invloed en rol van die vader in die gesin verander en derhalwe ook sy invloed op die seun se *skolastiese* prestasies. Dit het ook die indentifikasiemoontlikhede van die seun met sy vader beïnvloed. By veral die Chinese, Franse en Amerikaanse kulture is hierdie veranderinge baie opmerklik (vgl. par. 2.8, 2.11 en 2.12).

By die Romeinse, die Anglo-Saksiese en Germaanse, die Ierse en Duitse, asook die Franse en Amerikaanse kulture, was die vader nie veel by die grootmaak en onderrig van die kind betrokke nie. In laasgenoemde gevalle, veral gedurende die beginjare (vgl. par. 2.4, 2.6, 2.9 - 2.12). Dit volg logies dat hierdie tipe vader, wat van sy seun verwyderd staan, nie veel invloed op sy seun se *skolastiese* vorming sou uitoefen nie. In die geval van die vader wat meer betrokke was by die vorming en onderrig van sy seun, kan geregverdiglik aanvaar word dat hy ook meer bygedra het tot die *skolastiese* vorming en dus ook die *skolastiese* prestasie van sy seun. Dit kom veral voor by die Griekse, Hebreeuse en Chinese kulture (vgl. par. 2.3, 2.5 en 2.8). Die veranderinge wat in die Franse en Amerikaanse gesinslewe ingetree het,

het 'n groter betrokkenheid van die vaders in die gesinne meegebring (vgl. par. 2.11 en 2.12). Daar kan derhalwe aanvaar word dat die vader in hierdie kulture 'n groter bydrae tot die *skolastiese* prestasie van die seun gelewer het.

Die invloed van die materiële voorspoed wat die vader uit die huis wegtrek, word veral by die Chinese, Franse en Amerikaanse kulture aangetref (vgl. par. 2.8, 2.11 en 2.12). Daar kan aanvaar word dat die invloed van die vader op die *skolastiese* prestasie van die seun daardeur nadelig beïnvloed is.

Die afstand wat tussen die Duitse vader en sy seun bestaan, sal baie waarskynlik meebring dat die vader weinig positiewe invloed op die *skolastiese* prestasie van sy seun sal hê.

Die moontlikheid van identifikasie van die seun met die vader, is baie groter indien 'n liefdevolle, ontspanne, hartlike verhouding tussen vader en seun bestaan. Dit is derhalwe te verwagte dat by die Hebreeuse, Ierse en later ook by die Franse en Amerikaanse kulture, die identifikasie moontlikhede van seun met vader, redelik groot was (vgl. par. 2.5, 2.9, 2.11 en 2.12). By die Russiese, Chinese en Duitse kulture, was die moontlikheid vir identifikasie na verwagting kleiner (vgl. par. 2.7, 2.8 en 2.10).

In sommige kulture het die vader minder verantwoordelikheid vir die seun aanvaar. Kontrole oor die kinders het soms, reeds vanaf sewejarige ouderdom, na die

moeder oorgegaan (vgl. par. 2.6). Materiële voorspoed en versnelling van die lewenspas, het ook 'n verslapping in die vader se gesagsuitoefening meegebring deurdat die verantwoordelikheid en opvoeding oorgedra is aan betaalde persone of die skool (vgl. par. 2.11 en 2.12). Die vader het feitlik deurgaans, as gevolg van verskeie redes, sy gesagsposisie geleidelik aan die moeder afgestaan (Mogey, 1957, p. 236-239). Veral materiële voorspoed het hierin 'n groot aandeel gehad en vaderontbering, met gepaardgaande nadele, vir die seun veral, tot gevolg gehad. Daar kan dus aanvaar word dat hierdie voorspoed en wegtrek van die vader uit die huis, meegebring het dat die vader minder betrokke was by die *skolastiese* prestasies van die seun, en vir hom minder geleentheid gebied het om hom met sy vader te identifiseer.

2.14 BLANKE VADER IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA SEDERT 1652

2.14.1 Algemeen

Ons tref die patriargale familievorm ook hier aan. Die Suid-Afrikaanse Boerevolk was tot 'n groot mate aangewys op die platteland en het in baie gevalle in afgesonderdheid en eenvoud geleef. Die mees algemene beroep was boerdery. Die huisgesin het 'n vername rol gespeel (Cronje en Venter, 1973, p. 15-16; Steyn, 1974, p. 3). Dit was die setel van konserwatisme en godsdiens, maar ook die skepper en voortplanter van die egte Boerekultuur. Sy grootste bolwerk was die hoof van die huisgesin, die vader, wat ook gesagsdraer

was en wat die karakter van die patriarg gedra het.

Hulle konserwatisme en godsdienstigheid het gelei tot 'n kalmte, geloof, berusting en teensin in lawaaierigheid, wat soms die indruk van stugheid gewek het. Hulle openbaar 'n besondere roepingsbewustheid en handhaaf 'n hoë sedelike peil (Cronje en Venter, 1973, p. 15-16, 18, 26-29).

2.14.2 Gesagsverhoudinge

Die vader as gesinshoof en patriarg was ook die hoof-gesagsbeoefenaar. Hy was 'n streng byna ongenaakbare persoon wat deur sy kinders met ontsag, grensend aan vrees, bejeën is (Cronje en Venter, 1973, p. 35). Kragtens die skeppingsordonnansie het die vader 'n verhewe, onafwysbare roeping teenoor sy gesin. Hy is deur God met gesag bekleed en is in die uitoefening van die gesag van God verantwoording verskuldig (Erasmus, 1952, p. 50). Volgens die Heidelbergse Kategismus, Sondagsafdeling XXXIX moes die kinders hulle aan die vader onderwerp en sy gesagsposisie respekteer aangesien dit God behaag om hulle deur die vader se hand te regeer (De Villiers, 1977, p. 241; Erasmus, 1952, p. 50). Dat die aanspreekvorm "jy" nie teenoor die ouers gebesig is nie, is bewys van die kind se ontsag vir sy ouers (Cronje en Venter, 1973, p. 35).

Die vader het in 'n besondere verhouding tot sy kinders, veral tot sy seun gestaan. Al het die seun selfs kleinkinders gehad, het hy nog tot met sy vader se

dood onder laasgenoemde se gesag gestaan. Ten spyte van sy strengheid, was die Boerepatriarg lief vir sy kinders, trots op 'n groot gesin en gesteld op hulle welsyn. Omdat hulle saam geboer het en hulle belange ooreengekom het, het die vader nader aan sy seuns, veral die getroude seuns, gestaan as aan sy dogters. Die vader was die rigtinggewende krag in die lewe van die seun. Die seun het groot eerbied vir sy vader gekoester en sou byvoorbeeld nooit voor hom rook nie (Cronje en Venter, 1973, p. 36).

2.14.3 Die vader as hoëpriester

Die vader was die godsdienstige leier, die hoëpriester in die huis. Om die huisaltaar is gereeld soggens en saans huisgodsdienst gehou. Hy het gesorg vir die verootmoediging en bekering van sy gesin en het die danksegging aan God gebring (Scholtz, 1973, p. 92; Cronje en Venter, 1973, p. 65-69; Erasmus, 1952, p. 51). Godsdienst kan as die grondslag van al die eenskappe van die patriargale familiestelsel beskou word (Cronje en Venter, 1973, p. 111).

2.14.4 Die vader as profeet

Die opdrag aan die vader spreek duidelik: hy moet sy kinders onderrig. "En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here" (Efesiërs 6:4). Die Bybel met verklarende aantekeninge (1958, p. 556) stel dit dat dit deur dissipline, woord en vermaning moet geskied.

"Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie" (Spreuke 22:6). Die Bybel met verklarende aantekeninge (1958, p. 139) verwys na die opvoeding wat vroeg moet begin om bestendige vrug te kan lewer. Die vader is geroepe opvoeder, 'n verantwoordelikheid waarvan hy hom geensins kan losmaak nie, anders sou hy moes ophou om vader te wees (Erasmus, 1952, p. 52; vgl. par. 3.4).

Hy het dan ook 'n baie groot bydrae gelewer in die onderrig en vorming van sy kinders. Die bybring van praktiese kennis, selfwerkzaamheid en die geestelike vorming het 'n baie belangrike plek ingeneem (Cronje en Venter, 1973, p. 97). Hy moes sy kinders verder in die kennis en weë van God onderrig. Veral belangrik was die voorbeeld wat hy vir sy gesin gestel het. Daarbenewens moes hy ook die vertroueling en vriend van sy kind wees (Erasmus, 1952, p. 52-53). Die seun is geleer om hardwerkend en pligsgetrou te wees. Hy moes 'n bekwame boer word, 'n ordentlike, vrome mens wat die sedes van sy volk sou handhaaf. Na die nodige onderrig om die Bybel te kon lees, moes die seun belydende lidmaat word. Hierdie onderrig is gewoonlik deur die moeder waargeneem. Hy moes geleer word om huis en haard te beskerm, om volk en vaderland te verdedig en om 'n goeie gesinshoof te wees (Cronje en Venter, 1973, p. 36).

2.15 OPVATTING VAN DIE WESTERSE BLANKE
CHRISTEN-AFRIKANER IN VERBAND MET DIE
ROL VAN DIE VADER IN DIE REPUBLIEK
VAN SUID-AFRIKA

Omdat die proefpersone wat in hierdie navorsing gebruik is, uit blanke Afrikaanse gesinne kom (vgl. par. 7.5.1), sal slegs verwys word na die siening van die gelowige blanke Christen-Afrikaner wat oorspronklik van Westerse oorsprong is.

Die vader is oor die algemeen nog hoëpriester, hy voorsien nog finansieel, is nog beskermmer, moet nog tug en beslissings vel, is nog gesinshoof en gesagsdraer, sorg nog vir die onderrig en opvoeding van sy seun, maar is ook maat en vriend.

Die vader het sy gesag van God ontvang (Erasmus, 1952, p. 50). Dit is nie alleen gesag wat aan hom oorge- dra is en wat, soos deur die patriarg van ouds, soms op 'n harde onverantwoordelike wyse toegepas kon word en wat selfs veroordeling tot die dood kon insluit nie, maar gesag wat verantwoordelikheid in sy opdrag insluit. Die opdrag impliseer ook eie deelname, self hand uitsteek, nie slegs maar oordra aan ander nie, maar sêlf beskikbaar wees, opvoeding self waarneem (vgl. Deut. 6:7; 1 Tim. 3:4). Die vader het saam met die moeder die doopbelofte afgelê en onder andere belowe "... in die leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig" (Die Berymde Psalms, 1955 - Liturgiese Formuliere, 1955, p. 121). Die hoëpriesterskap sluit ook duidelike gesagsbeoefening teenoor die seun in, dit wil sê duidelike standpuntinname; toesig en

straf indien nodig (vgl. Spreuke 13:24; 22:6,15; 23:13-14; 29:15,17). Straf moet egter nog altyd oordeelkundig en in liefde uitgevoer word. Om die vrug te kan dra, kan die snoeiproses, die seermaak nie uitbly nie, "... sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug," (Psalm 144:12). Die liefdesopdrag klink ook duidelik aan die vaders uit die Nuwe Testament "... moenie julle kinders vertoon nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here" (Efesiërs 6:4).

Liefde van die vader teenoor die seun vorm dus die ondertoon, die grondslag van al die verhoudings (Strauss, 1971, p. 3). Die waarborg word vir die seun uitgestippel dat indien hy luister, hy wysheid sal bekom (vgl. Spreuke 13:1). Die gehoorsaamheid en onderdanigheid van die seun teenoor die vader word ook in die Nuwe Testament benadruk met 'n belofte "... sodat dit goed mag gaan met jou en jy lank mag lewe op die aarde" (Efesiërs 6:1-3).

Die verhouding tussen vader en seun is dus wedersyds een van respek, vertroue, kameraadskap, samewerking en liefde. Die besondere verhouding wat tussen die vader en sy seun behoort te bestaan, blyk duidelik as ons kyk na die gesprekvoering en ontmoetingsituasie tussen Abraham en Isak terwyl hulle op pad is om Isak te offer (vgl. Gen. 22:6-9). Die aanspreekvorm "my vader", "my seun", dui op hulle intieme onderlinge verhouding en ook hulle bereidwilligheid om mekaar te aanvaar (Landman et al., 1977, p. 107). Hulle betrok-

kenheid en kommunikasie met mekaar word ook bevestig deur die woorde: "So het hulle dan saamgeloop" (Genesis 22:6,8), wat tweekeer herhaal word.

2.16 SAMEVATTING EN ALGEMENE GEVOLGTREKKING

Soos by die meeste ander kulture kom die patriargale stelsel ook in die RSA voor. Die vader vervul dus nog 'n belangrike rol in die gesin. Ook in die RSA het materiële welvaart en ander faktore die gesinslewe beïnvloed. Die vader word deur die versnelling in die lewenspas weggetrek van die huis. In baie gevalle kry hy minder geleentheid om 'n rustige, positiewe verstandhouding met die seun op te bou. Hierdie faktore dra daartoe by dat die vader nie die so belangrike identifikasiefiguur kan wees nie en ook minder invloed op die skoolastiese prestasie van die seun kan uitoefen.

Die volgende algemene gevolgtrekkings kan gemaak word:

- * Die vader het wel deur die eeue, in verskillende kulture, invloed uitgeoefen en 'n bydrae gelewer in die opvoeding en ontwikkeling van die seun.
- * Die vader se invloed op die seun se opvoeding verskil in die verskillende kulture.
- * Die plek wat die vader in die opvoeding van die seun ingeneem het, verskil dikwels in dieselfde kultuur, van geslag tot geslag.

- * Alhoewel daar in sekere van die verskillende kulture ooreenkomste was wat die bydrae van die vader op die skolastiese prestasie van die seun betref, kan egter aanvaar word dat die vader die skolastiese prestasie van die seun, in die verskillende kulture, oor die algemeen verskillend beïnvloed het.
- * Die moontlikhede dat die seun met die vader identifiseer, het wel bestaan. Dit verskil egter ook van kultuur tot kultuur.
- * In kulture waar die vader meer betrokke is by die opvoeding van die seun, is die moontlikheid groter dat die seun hom wel met die vader identifiseer.
- * Liefdevolle, minder streng patriargale optrede van die vader, help mee om identifisering tussen vader en seun te vergemaklik.
- * 'n Verandering in landsomstandighede bring in baie gevalle 'n verandering in die gesinsituasie mee, wat soms ook die posisie van die vader beïnvloed. Laasgenoemde bring soms weer 'n verandering in die vader-seunverhouding mee.

Die beskrywings wat gegee is en die afleidings wat gemaak is, berus wel op growwe veralgemenings, maar gee tog voorbeelde van die tipiese vader-seunverhoudings en vader-gesinverhoudings soos dit in die verskillende kulture voorkom. Binne elke kultuur is daar ook groot variasie, soms selfs groter as tussen bepaalde kulture. Die doel was egter nie om 'n omvattende

beskrywing van die plek van die vader te gee nie, maar om 'n beeld te verkry van die verskille tussen kulture.

Ook in die kultuur waarin die Christen-Afrikaner homself bevind, en waaruit die proefpersone geneem is, kan verwag word dat die vader wel 'n bydrae kan maak tot die skolastiese prestasie van die seun. Die vader is ook vir die seun in baie gevalle nog 'n sterk identifikasiefiguur. Die volgende omstandighede in Afrikanergesinne, is beduidend:

- * In die meeste gesinne is die vader nog die gesinshoof. Hy is die een wat die toon aangee, beslissings vel, besluite neem, die grootste finansiële bydrae lewer, kortom, die ereplek in die gesin inneem.
- * Die vader aanvaar nog die verantwoordelikheid om die seun te onderrig en hom te leer om uiteindelik man te wees.
- * Daar bestaan nog 'n duidelike verskil tussen die verantwoordelikhede en take van die man en die vrou tuis en in die gemeenskap. Die oudste seun moet, onder andere, instaan vir die vader indien hy afwesig is.
- * Alhoewel die moeder meer direk betrokke is by die skolastiese aangeleenthede van die seun, bly die vader die persoon wat uiteindelik evalueer, beoordeel en norme stel. Die vader is ook die persoon wat straf, motiveer, aanmoedig, vooruitsigte stel en skep.

- * Alhoewel die vader as gevolg van werksomstandighede baie van die huis af weg is, is die verhouding tussen vader en seun tans baie meer gemoedelik. Daar is selfs sprake van maats wees. Dit bring mee dat die seun baie meer vrymoedigheid openbaar teenoor die vader.

2.17 VOORUITSKOUING

In hoofstuk twee is die rol van die vader in die ontwikkeling van die seun, histories benader soos dit in verskillende kulture na vore kom. Daar is vasgestel dat die vader wel 'n rol vervul het. In hoofstuk drie word die vader se rol in die opvoeding van die kind, in meer besonderhede bespreek. Die rol van die vader word benader teen die agtergrond van sy godgegewe opdrag. Omdat dit ook gaan om die seun se identifikasie met die vader, word die begrip identifikasie in hoofstuk vier behandel.